



## Voorwoord

In die twintiger-, dertigerjare van die vorige eeu skryf C.J. Langenhoven en E.C. Pienaar 'n artikel oor hoe om te skryf, maar ek kon die bron nie weer opspoor nie. Hoe ook al: jare daarna, in 1960, verskyn Ernst van Heerden se artikel oor skryfkuns as graadvak in *Standpunte*, maar daar gebeur steeds nie regtig iets in Suid-Afrika wat daarop dui dat skryfkuns universiteitsvak gaan word nie. Die toneel word in daardie jare oorheers deur D.J. Opperman se letterkundige laboratorium, waaruit verskeie bekende digters kom. Maar van die vak self is daar steeds nêrens sprake nie, al bly iemand soos Hennie Aucamp hom deurgaans uitspreek ten gunste van die totstandkoming van 'n skryfskool.

Dit is egter eers in die middel tagtigerjare dat die PU vir CHO saam met die ATKV met die eerste nie-formele skryfkursusse in prosa begin. Die sukses hiervan lei tot die stigting van die eerste volwaardige skryfskool aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit op 1 Januarie 1990: die ATKV-skryfskool van die PU vir CHO. In 1993 word skryfkuns aan die PU vir CHO ook volwaardige voor- en nagraadse vak.

Etienne van Heerden begin aan die Universiteit van Rhodes ook met die nagraadse onderrig van skryfkuns en hy sit hierdie belangrike werk later aan die Universiteit van Kaapstad voort. Sedert die negentigerjare begin verskillende universiteite ook op verskillende vlakke belangstel in die aanbied van skryfkuns op formele en nieformele vlak.

Die vak skryfkuns groei dus in Suid-Afrika sedert die middel tagtigerjare, en die Redaksie van *Literator* het dit goedgevind, veral in die lig van die feit dat die ATKV-skryfskool van die PU vir CHO sy tiende verjaarsdag vier, om 'n nommer van *Literator* aan die skryfkuns af te staan. Die artikels en kreatiewe bydraes in hierdie uitgawe is op uitnodiging voorgelê, en dit bied 'n oorsig van wat op dié betreklike jong vakgebied in Suid-Afrika aan die gang is. Die artikels in die rubriek oor skryfkunsteorie is onderwerp aan *Literator* se normale keuringsproses deur buitekeurders.

Die medewerkers het in die Suid-Afrikaanse skryfwêreld nie bekendstelling nodig nie. Die reaksie op ons versoek om by te dra, was oorweldigend. Hiermee probeer ons 'n bydrae tot dié jong vakgebied te lewer. Die nommer fokus op die teorie van die skryfkuns, die praktyk daarvan, en op die toepassing daarvan deur kreatiewe bydraes.

Hans du Plessis  
Potchefstroom  
Augustus 2000